



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

## FEBRUARIE/MAART 2016

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (40) |
| AFDELING B: | Lang transaksionele teks | (20) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

5. BEPLANNING, REDIGERING EN PROEFLEES:

   - Beplan, redigeer en proeflees jou skryfstukke.
   - Gebruik byvoorbeeld ’n kopkaart, vloeidiagram, sleutelwoorde, ens. vir jou beplanning.
   - Doen elke keer beplanning VOORDAT jy die finale produk skryf.
   - Dui die beplanning duidelik aan.
   - TREK ’N STREEP DEUR DIE BEPLANNING NADAT JY DIE FINALE PRODUK GESKRYF HET.

6. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 60 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 30 minute |

7. Nommer elke skryfstuk soos wat dit in die vraestel genommer is.

8. Skryf die vraagnommer en die titel neer.

9. Skryf jou eie titel neer as jy oor ’n prent in VRAAG 1.5 skryf.

10. Skryf netjies en leesbaar.


## AFDELING A: OPSTEL


Skryf ’n opstel van 200–250 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 1

### 1.1 DIE SEISOEN WAARVAN EK DIE MEESTE HOU

Ons almal het ’n seisoen waarvan ons die meeste hou. Dit kan die lente, die somer, die herfs of die winter wees.




Skryf ’n **opstel** oor die seisoen waarvan jy die meeste hou.







[Uit Clipart]

Dink aan die volgende:

- Van watter seisoen hou jy die meeste?
- Waarom hou jy die meeste van hierdie seisoen?
- Hoe trek jy in hierdie seisoen aan?
- Wat doen jy alles in hierdie seisoen?

**[40]**

### 1.2 EK VOEL GOED OOR MY FAMILIE

Baie tieners is skaam vir hulle familie, maar nie ek nie. Ek voel goed oor my familie.

Skryf ’n **opstel** en vertel waarom jy so goed voel oor jou familie.



[Uit www.Familyvalues.com]

Dink aan die volgende:

- Watter mense is deel van jou familie?
- Watter goeie dinge doen jou familie?
- Wat leer jy uit hierdie goeie dinge wat jou familie doen?
- Hoekom is jy dankbaar vir jou familie?

**[40]**

## 1.3 'N VAKANSIE WAT EK ALTYD SAL ONTHOU

Jy het 'n baie lekker vakansie gehad wat jy nooit sal vergeet nie.

Skryf 'n **opstel** oor hierdie vakansie wat jy altyd sal onthou.

Dink aan die volgende:

- Waar en wanneer was hierdie vakansie?
- Wie was saam met jou gedurende hierdie vakansie?
- Wat het julle alles saam gedoen?
- Waarom was hierdie vakansie so spesiaal dat jy dit altyd sal onthou? **[40]**

## 1.4 MY DORP OF STAD OP 'N SATERDAGOGGEND

Baie mense gaan op 'n Saterdagoggend dorp toe.




Skryf 'n **opstel** oor jou dorp of stad op 'n Saterdagoggend.




[Uit gumtree.co.za]

Dink aan die volgende:

- Wat is jou dorp of stad se naam?
- Wat doen mense op 'n Saterdagoggend in jou dorp of stad?
- Hoe lyk jou dorp of stad op 'n Saterdagoggend?
- Wat doen jy op 'n Saterdagoggend in jou dorp/stad? **[40]**

Kopiereg voorbehou 

1.5 Kies EEN van die volgende prente en skryf ’n **opstel** daaroor.
Skryf die VRAAGNOMMER van die opstel neer en gee jou opstel ’n TITEL.
Jou opstel moet met die prent verband hou.

1.5.1



[Uit msh.org] **[40]**

1.5.2



[Uit theguardian.com] **[40]**

1.5.3



[Uit thenewage.com] **[40]**

1.5.4



[Uit naturepics.com] **[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 80–100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 2

### 2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jou oupa het vir jou ’n goeie geskenk gegee.



[Uit danijelbyrick.com]

Skryf ’n **brief** aan jou oupa om hom vir hierdie geskenk te bedank.

Dink aan die volgende:

- Wat het jy as geskenk gekry?
- Is hierdie geskenk gekoop of gemaak?
- Hoe sal jy hierdie geskenk beskryf?
- Waarom was dit ’n goeie geskenk?

**[20]**

### 2.2 FORMELE BRIEF

In jou dorp is daar baie straatkinders wat elke nag koud slaap. Jy het besluit om vir die bestuurder van ’n plaaslike winkel te vra om komberse vir hierdie straatkinders te skenk.

Skryf ’n **formele brief** aan die bestuurder van hierdie winkel om vir hom te vra om komberse te skenk.

Gebruik die volgende adres:
Die Bestuurder, Voorspoed Algemene Handelaar,
Posbus 7737, Polokwane, 0700



[Uit mydorothys.com]

Dink aan die volgende:


- Wat vra jy vir die bestuurder van die winkel om te skenk?
- Waarom vra jy vir komberse?
- Hoe gaan jy die komberse vir die straatkinders gee?
- Hoekom is dit belangrik om mense wat swaarkry, te help?

**[20]**

2.3 **DIALOOG**

Jy het jou pa se motor sonder sy toestemming gebruik. Jy het met die motor teen die hek vasgery en die motor beskadig. Jou pa is baie kwaad vir jou.

Skryf die **gesprek** tussen jou en jou pa neer.



[Uit shojo.crashblock.com]

Begin die gesprek só:

| | |
|---|---|
| Ek:<br>*(Reël oop)* | Pa, ek het iets om vir Pa te vertel. |
| Pa:<br>*(Reël oop)* | Wat wil jy vir my vertel? |
| Ek:<br>*(Reël oop)* | ... |
| Pa:<br>*(Reël oop)* | ... |

**LET WEL:** Laat ŉ reël na elke spreekbeurt oop. **[20]**

2.4 **VERSLAG**

Jy en jou maat het in die straat afgestap. ŉ Kwaai hond het skielik by ŉ hek uitgestorm en jou maat aan die been gebyt. Jou maat se ouers het jou gevra om ŉ verslag te skryf wat hulle by die polisie wil indien.

Skryf nou ŉ **verslag** waarin jy vertel wat presies gebeur het.



[Uit dreamstime.com]

Dink aan die volgende:

- Waar en wanneer het die hond jou maat gebyt?
- Wat was jy en jou maat besig om te doen toe die hond jou maat gebyt het?
- Wat het jy en jou maat gedoen toe die hond jou maat gebyt het?
- Wat het gebeur nadat die hond jou maat gebyt het? **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS


Skryf 50–80 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 3

### 3.1 ADVERTENSIE

Jou broer het 'n Internetkafee in julle buitekamer begin. Hy het vir jou gevra om 'n advertensie vir hierdie Internetkafee te ontwerp. Die advertensie gaan in die koerant verskyn.

Skryf 'n **advertensie** om die Internetkafee te adverteer.



[Uit shutterstock]

Dink aan die volgende:

- Waar is die Internetkafee?
- Watter tye en op watter dae gaan die Internetkafee oop wees?
- Wat kan jy alles by die Internetkafee doen?
- Wie is die kontakpersoon en wat is sy/haar kontaknommer?

**LET WEL:** Punte word vir inhoud toegeken, NIE vir versierings NIE. **[20]**

3.2 **POSKAART**

Jy was op 'n skooltoer na 'n ander provinsie toe. Toe die bus in 'n dorp stilgehou het, het jy 'n poskaart gekoop wat jy aan jou ouers wil stuur.

**POSKAART**



[Uit clipartlord.com]

Teken die agterkant van die poskaart in jou ANTWOORDEBOEK oor.


Posseël

Skryf dan 'n boodskap aan jou ouers op hierdie **poskaart**.
Vertel jou ouers wat alles op pad gebeur het en van die plekke wat jy gesien het.

**LET WEL:** Onthou om jou ouers se adres op die poskaart te skryf. **[20]**

3.3 **INSTRUKSIES**

Jou maat wil vetkoek bak. Hy/Sy het al die bestanddele, maar weet nie hoe om die deeg vir die vetkoek aan te maak en die vetkoek te bak nie. Hy/Sy het vir jou gevra om die instruksies vir hom/haar neer te skryf.




Verduidelik vir jou maat hoe om die deeg aan te maak en die vetkoek te bak.

Skryf die TIEN **instruksies** in jou eie volsinne en puntsgewys neer. Begin met die instruksie wat gegee is.

Jy kan die prentjies op die volgende bladsy gebruik om jou te help.

Voorbeeld:

1. Plaas al die droë bestanddele saam in ŉ mengbak.
2. ...
3. ...
4. ...
5. ...
6. ...
7. ...
8. ...
9. ...
10. ...

1. Plaas al die droë bestanddele saam in ŉ mengbak.



2.



3.



4.



5.



6.



7.



8.



9.



10.



**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**

**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou